kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Heilge verontwaardiging

Skriflesing: Johannes 2:13-24

Broodjies vir die pad

"A meaningful life can be extremely satisfying even in the midst of hardship, whereas a meaningless life is a terrible ordeal no matter how comfortable it is."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

"Intentions must mature into commitments if we are to become persons with definition, with character, with substance."
— Eugene H. Peterson, Run with the Horses: The Quest for Life at Its Best

"It takes a lot of courage to fight biases and oppressive regimes, but it takes even greater courage to admit ignorance and venture into the unknown. Secular education teaches us that if we don't know something, we shouldn't be afraid of acknowledging our ignorance and looking for new evidence. Even if we think we know something, we shouldn't be afraid of doubting our opinions and checking ourselves again. Many people are afraid of the unknown, and want clear-cut answers for every question. Fear of the unknown can paralyse us more than any tyrant. People throughout history worried that unless we put all our faith in some set of absolute answers, human society will crumble. In fact, modern history has demonstrated that a society of courageous people willing to admit ignorance and raise difficult questions is usually not just more prosperous but also more peaceful than societies in which everyone must unquestioningly accept a single answer. People afraid of losing their truth tend to be more violent than people who are used to looking at the world from several different viewpoints. Questions you cannot answer are usually far better for you than answers you cannot question."
— Yuval Noah Harari, 21 Lessons for the 21st Century

"Any human face is a claim on you, because you can't help but understand the singularity of it, the courage and loneliness of it. But this is truest of the face of an infant. I consider that to be one kind of vision, as mystical as any."
— Marilynne Robinson, Gilead

"Learning to live with ambiguity is learning to live with how life really is, full of complexities and strange surprises..:"
— James Hollis, What Matters Most: Living a More Considered Life

"In prayer it is better to have a heart without words than words without a heart."
— John Bunyan

"We must never underestimate our power to be wrong when talking about God, when thinking about God, when imagining God, whether in prose or in poetry. A generous orthodoxy, in contrast to the tense, narrow, or controlling orthodoxies of so much of Christian history, doesn't take itself too seriously. It is humble. It doesn't claim too much. It admits it walks with a limp."
— Brian D. McLaren, A Generous Orthodoxy: Why I am a missional, evangelical, post/protestant, liberal/conservative, biblical, charismatic/contemplative, fundamentalist/calvinist, anabaptist/anglican, incarnational, depressed-yet-hopeful, emergent, unfinished Christian

"A true Christian militant attacks systems of oppression and fights for a better world even though that new world might negatively affect their own position of power."
— Peter Rollins, Insurrection: To Believe Is Human To Doubt, Divine

"I am a Christian - but sometimes I feel very removed from Christianity. The Jesus Christ that I believe in was the man who turned over the tables in the temple and threw the money-changers out - substitute T.V. evangelists if you like...why in the West, do we spend so much money on extending the arms race instead of wiping out malaria, which could be eradicated given ten minutes worth of the world's arm budget? To me, we are living in the most un-Christian times. When I see these racketeers, the snake-oil salesmen on these right-winged television stations, asking for not your $20.00, or your $50.00, but your $100.00 in the name of Jesus Christ, I just want to throw up!!"
— Bono

"The spoken word has come to dominate many Protestant forms of worship: the words of prayers, responsive readings, Scripture, the sermon, and so forth. Yet the spoken word is perhaps the least effective way of reaching the heart; one must constantly pay attention with one's mind. The spoken word tends to go to our heads, not our hearts."
— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

"But before Christianity was a rich and powerful religion, before it was associated with buildings, budgets, crusades, colonialism, or televangelism, it began as a revolutionary nonviolent movement promoting a new kind of aliveness on the margins of society."
— Brian D. McLaren, We Make the Road by Walking: A Year-Long Quest for Spiritual Formation, Reorientation, and Activation

"Our faith is not assured, because faith can never be, it must never be a certainty."
— Jacques Derrida, The Gift of Death

"What matters in life is not what happens to you but what you remember and how you remember it."
— Gabriel Garcia Marquez

Jy is mos nou bevry van enige kritiese denke

Dana Snyman

Jy sê jy is bly koerante se sirkulasiesyfer daal al hoe meer. Jy sê dis hoog tyd dat koerante sluit, dat die land en die wêreld 'n beter plek sonder ons sal wees.

Jammer, ek is voorbarig, ek praat met jou, ja. Jy wat koerante en joernaliste op Facebook en ander plekke verdoem. Ons is 'n klomp oneerbare liberaliste, sê jy. Morele agtergeblewenes. Ons is glo deel van 'n komplot om 'n nuwe wêreldorde vestig.

Jy sê koerante soek net sensasie. Dit is 'n ou-ou beskuldiging, en dit kan dalk so wees, maar ek neem aan jy kyk weg wanneer jy by 'n motorongeluk verbyry. Verneuk jou buurman sy vrou, bly jy tjoepstil. En oor ons gewese president se vyf vroue het jy nog nooit ooit iets gesê nie.

"Julle is polities korrek," sê jy ook, sonder om ooit te sê wat jy daarmee bedoel.

Politieke korrektheid het 'n soort tirannie geword, maar dikwels is jy die eerste een wat kla wanneer polities onkorrek oor jou of jou mense geskryf word. Jy wat so graag sê hierdie een of daardie een maak Afrikaners kommin. Bedoel jy met politieke korrektheid nie jy wil eintlik net hê 'n koerant moet al jou vooroordele bevestig nie? Jy wil hê ons moet net so vol vooroordele teenoor mense en groepe as jy wees: Swart mense, Chinese, gays . . .

Natuurlik doen joernaliste nie altyd alles reg nie en is die verhouding tussen 'n koerant en die politici van altyd af 'n probleem. Maar 'n koerant is verbind tot die Perskode en jy kan 'n joernalis hof toe sleep.

Jy kyk joernaliste se eerbaarheid en toewyding mis: Hoe dit gaan oor die waarheid en slegs die waarheid wanneer 'n joernalis aan 'n groot storie werk. Hoe joernaliste soms saamdra aan ander mense se sukkel en dat ons te rebels is om deur die Illuminati of wie ook al beheer te word.

PG du Plessis, wat ook koerantredakteur was, stel dit mooi. "Dit is die grootste vertroue wat jy kan hê – om iemand met jou persoonlike magteloosheid, wanneer dit kom, te kan vertrou. Dit glo ek van joernaliste," skryf hy kort voor sy dood. "Ek sal 'n joernalis met my lewe vertrou, maar verdomp nie met môre se soberheid nie."

Jy sê jy kry jou nuus op webwerwe en ander virtuele plekke. Ek doen dit ook, maar koop steeds die koerant. Daardie bakkieprofeet na wie se selfoonvideo's jy graag kyk, sal nooit onthullings maak oor ANC-korrupsie en ander skandale nie, dinge wat joernaliste doen. Satire is vir hom die waarheid. Verontwaardiging sy forte. Jy vra brood en hy gee vir jou net meer klippe om ander mee te gooi, nes berigte op fopnuus-gedrewe webwerwe waar jy so graag lees.

Jy is nou vry van die kritiese denke en debat wat 'n goeie koerant aanmoedig.

En jy weet natuurlik wat het Van Wyk Louw gesê gebeur met 'n volk wat ophou om homself te bevraagteken? Jy gaan hierdie rubriek nie lees nie. Sterkte vorentoe, nietemin.

Ns: Die Jacques Pauw-debakel is hartseer. Hy het 'n fout gemaak en daarvoor om verskoning gevra. Ek is jammer vir hom en dink aan hom.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/jy-is-mos-nou-bevry-van-enige-kritiese-denke-20210222-3

Brood vir die pad

Soms dien 'n hele dorp se optrede as morele kompas

Soms gebeur dit dat dit nie bloot individue is wat heldhaftig optree of as morele voorbeelde dien nie, maar 'n hele dorp of gemeenskap. 'n Voorbeeld van 'n gemeenskap waarvan dit nié gesê kan word nie, is die fiktiewe dorpie Dogville, soos verbeeld in die Deense regisseur Lars von Trier se vreemde maar briljante gelyknamige rolprent.

Dogville (2003) vertel die verhaal van 'n onherbergsame gemeenskap wat wel aanvanklik aan 'n voortvlugtige genaamd Grace (vertolk deur Nicole Kidman) skuiling verleen, maar met verloop van tyd haar op 'n ongenaakbare wyse misken, uitbuit en mishandel. Die rolprent eindig met 'n radikale oordeel wat oor die ongasvrye dorp en sy mense voltrek word.

As 'n historiese kontras tot die gemeenskap in Von Trier se rolprent, kan gedink word aan die optrede van die inwoners van die dorpie Le Chambon-sur-Lignon en omstreke tydens die Tweede Wêreldoorlog. Dié hoofsaaklik Hugenote-gemeenskap in die suide van Frankryk het tussen 1940 en 1944 skuiling gebied aan meer as 5 000 mense wat Nazi-vervolging probeer ontvlug het, waaronder 3 500 Jode. Die Protestantse predikant André Trochmé en sy vrou, Magda, het hierin 'n groot rol gespeel, maar eintlik het die hele gemeenskap saamgewerk om asiel en ondersteuning te bied, ten spyte van die gevare daaraan verbonde. In 1990 is Le Chambon as dorp in sy geheel dan ook deur die Joodse volksmoord-museum Yad Vashem vir die merkwaardige hulpverlening aan Jode vereer.

Vroeër vanjaar was Le Chambon weer in die nuus nadat dit bekend geword het dat Erich Schwam, 'n Oostenryks gebore Jood, 'n beraamde bedrag van €2 miljoen uit sy boedel aan die dorp bemaak het. Hy het saam met sy ouers in 1943 as vlugteling in die bergagtige gebied aangekom, en die erflating betuig sy dankbaarheid vir die wyse waarop die dorp hulle verwelkom en help vestig het.

'n Mens kan nogal wonder wat gemaak het dat die mense van Le Chambon destyds so anders as byvoorbeeld die gemeenskap in Dogville opgetree het. En skynbaar nog steeds doen. Dalk omdat die herinnering oor die jare heen lewend gehou is dat hulle as Hugenote-vlugtelinge eeue gelede self aan vervolging blootgestel is? Wat ook al die rede, te midde van die bedreiging wat nuwe vorme van afsydigheid, stereotipering en uitsluiting in ons dag vir ons lewe saam bied, kan die gasvrye etos van Le Chambon steeds gemeenskappe inspireer en uitdaag. Soos ook die woorde wat in klip bo die ingang van die eeue oue Protestantse kerkie in die dorp gegraveer is: Aimez-vous les uns les autres ("Julle moet mekaar liefhê"). **– RRV**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-soms-dien-n-hele-dorp-se-optrede-as-morele-kompas-20210227

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877